


# Die seëning om niks te hê

Maree Verhoef

# Matt 6:19-24 (AFR83)

19“Moenie vir julle skatte op aarde
bymekaarmaak waar mot en roes dit
verniel en waar diewe inbreek en dit steel
nie. 20Maak vir julle skatte in die hemel
bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel
nie en waar diewe nie inbreek en dit steel
nie. 21Waar jou skat is, daar sal jou hart
ook wees.” 22“Die lamp van die liggaam is
die oog. As jou oog goed is, sal jou hele
liggaam lig hê.

# Matt 6:19-24 (AFR83)

23 Maar as jou oog sleg is, sal jou
hele liggaam sonder lig wees. As die
lig in jou donker is, hoe donker moet
dit dan nie wees nie!” 24 “Niemand
kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy
sal óf die een minder ag en die ander
een hoër, óf vir die een meer oorhê en
die ander een afskeep. Julle kan nie
God én Mammon dien nie.”



# 1 Tim 6: 6-10 (AFR83)

**6** Die godsdiens is 'n groot wins as iemand
tevrede is met wat hy het, 7 want ons het niks
in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks
daaruit wegneem nie. 8 As ons dan kos en
klere het, moet ons daarmee tevrede wees.
9Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking.
Hulle loop hulle vas in die strik van baie
sinlose en skadelike begeertes waardeur
mense in verderf en ondergang gestort word.
10 Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei
kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die
geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself
baie ellende op die hals gehaal.

shofar

shofar

# 1 Tim 6: 17-19 (AFR83)

17 Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy
waarsku om nie hooghartig te wees nie.
Hulle moet nie hulle hoop op die
onsekerheid van rykdom vestig nie, maar
op God wat alles ryklik aan ons gee om te
geniet. 18 Spoor hulle aan om goed te
doen, om ryk te wees in goeie dade,
vrygewig en mededeelsaam. 19 So
vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie
belegging vir die toekoms, sodat hulle die
ware lewe sal verkry.



# Matt 19:16-26 (AFR83)

16 Daar het iemand na Hom toe gekom en
gesê: “Meneer, watter goeie daad moet ek
doen om die ewige lewe te verkry?”
17 Hy het vir hom gesê: “Waarom vra jy
My uit oor wat goed is? Daar is net Een
wat goed is. Maar as jy die ewige lewe wil
ingaan, onderhou die gebooie.” 18 “Watter
gebooie bedoel u?” het hy vir Hom gevra.
Jesus het gesê: “Dit: Jy mag nie moord
pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy
mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis
aflê nie, 19 eer jou vader en jou moeder
en: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. ”

# Matt 19:16-26 (AFR83)

20 “Dit alles het ek nagekom,” het die jongman
gesê. “In watter opsig skiet ek nog te kort?”
21 Jesus het hom geantwoord: “As jy volmaak
wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee
die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die
hemel hê. Kom dan terug en volg My.”
22 Toe die jongman dit hoor, het hy bedruk
weggegaan, want hy het baie besittings gehad.
23 Jesus het toe vir sy dissipels gesê: “Dit
verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik in die
koninkryk van die hemel kom. 24 Ek stel dit
nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om
deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke
om in die koninkryk van God te kom.”

# Matt 19:16-26 (AFR83)

25 Toe die dissipels dit hoor, het dit hulle
geweldig ontstel, en hulle het gesê: "Wie
kan dan gered word?"
26 Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê:
"Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God
is alles moontlik."



# Matt 19: 23-24 (AFR83)

**23** Jesus het toe vir sy dissipels gesê: "Dit
verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik in die
koninkryk van die hemel kom. 24 **Ek stel dit
nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om
deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n
ryke om in die koninkryk van God te kom."**



## Luk 8:14 (AFR83)

14 Die saad wat tussen die onkruid val,
dui op dié wat die woord hoor, maar deur
die sorge en die rykdom en die genietinge
van die lewe word dit gaandeweg verstik,
en dit skiet nie saad nie.

## Luk 14:33 (AFR83)

33 “So kan niemand van julle my dissipel
wees as hy nie bereid is om van al sy
besittings afstand te doen nie.”

# Fil 1:20 (AFR83)

20 Dit is my vurige verlange, en
daarna sien ek uit, dat ek niks sal
doen waaroor ek my sal hoef te
skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog
altyd, met alle vrymoedigheid deur
my hele wese Christus verheerlik in
lewe en in sterwe.

shofar



# Pred 5:9 (AFR83)[1]

9 Die mens vir wie geld alles is, het
nooit genoeg geld nie; die mens vir
wie rykdom alles is, kry nooit genoeg
in nie. Ook hier kom dit tot niks.



## Pred 12:14 (AFR83)

13 Die slotsom van alles wat jy
gehoor het, is dit: Dien God en
gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat
van die mens gevra word. 14 God
sal rekenskap eis oor alles wat
gedoen word, ook oor wat in die
geheim gedoen word, of dit goed is
of kwaad.



# Fil 3:7-9 (AFR83)

7Maar wat eers vir my 'n bate was,
beskou ek nou as waardeloos ter wille
van Christus, 8 ja, nog meer: ek beskou
alles as waardeloos, want om Christus
Jesus, my Here, te ken, oortref alles in
waarde. Ter wille van Hom het ek alles
prysgegee en beskou ek dit as verwerplik
sodat ek Christus as enigste bate kan
verkry 9en een met Hom kan wees:
vrygespreek, nie omdat ek die wet
onderhou nie, maar omdat ek in Christus
glo. Dit is die vryspraak wat God gee
omdat 'n mens in Hom glo.

